***Die omgang met die Meester in die hart***

**236** "Vanaf daardie oomblik af het ek my helder bewussyn verloor en so ver ek my nou kan herinner, neem baie bose geeste die bestuur van my liggaam oor en so word ek die skrik van die hele omgewing! My liggaam kon deur geen lans of speer deurboor word nie en die sterkste boeie word soos strooitjies deur my hande verbreek! Dit was vir my dieselfde of ek nou met één of met `n duisend mense geveg het, hulle wat my vasgryp word lelik toegetakel en wel gedood! Maar daarvan het my siel geen wete nie.

[2] Volgens die raadsbesluit van Elohim word ek met nog vier so kort gelede tog deur die Romeine gevange geneem en drie dae gelede hierheen gebring. Hier verlos die Meester ons van ons groot kwelling. My siel word weer die enige heeltemal by my bewussyn synde inwoonster van my liggaam en soos voorheen was Moses weer haar leidsman. Die Meester laat egter alle dwaalweë van my hart duidelik sien en - let op! - ek verstaan noú eers vir Moses en die profete!

[3] As Abraham se gees nou by my sou kom, sal ek beslis `n ander gesprek met hom voer as ongeveer vyf jaar gelede! Hoe lank dit presies was, kan ek jou in elk geval nie sê nie, maar daar het sekerlik `n aantal jare vanaf hierdie die tyd verloop. - Nou weet jy hoe ek insig in die Skrif gekry het!

[4] Ek wens egter niemand toe om via my weg vir Moses te leer en te verstaan nie, omdat daar nou `n makliker weg is. Maar omdat jy, Murel, my in `n sekere sin gevra het hoe ek tot so `n helder insig in die boeke van Moses gekom het, moes ek jou tog laat sien wat `n treurige weg dit was en die ander kan jy nou maklik vir jouself voorstel!

[5] Die ander, onvoorstelbare makliker weg is ewenwel die barmhartigheid van die Meester, wat jou dieselfde wat ek via `n angstige weg bereik het, in `n paar oomblikke kan gee.

[6] Hier staan egter die engel van die Meester, vra hom en hy sal jou toon hoe waaragtig dit is wat ek jou nou oor my en my vier metgeselle onthul het! - Wat dink jy nou van dit alles?"

[7] **Murel** sê: "O vriend Mathael, jy het ontsettend baie deurgemaak en moed soos die van jou sal jy nêrens anders vind nie! Jy was weliswaar `n duiwel en tog was jou hart nie bedorwe nie, want sy het verlang na waarheid, geregtigheid en liefde, en omdat sy daarna verlang het, het sy nou ook die verlangde gekry, want die Meester laat geen opregte van hart ten gronde gaan nie!

[8] Maar waarom het die Meester jou en jou vier metgeselle so hard aangevat?! Ek kan my tog nie so goed voorstel dat die uitsending na Samaria om die Samaritane tot die geloof van Jerusalem te bekeer enkel en alleen die rede sou kon wees van so `n lydensweg nie! Daar moet iets anders daaragter sit!"

[9] **Mathael** sê: "Dit moet seker so wees, maar ek weet tot op hede nog niks daaroor nie en eerlik gesê, - ek het ook heeltemal geen behoefte daaraan gehad nie, maar nou sou ek tog self ook iets daaroor wou weet! – As Rafael in `n goeie bui is, sal hy ons wel iets daaroor kan vertel!?"

[10] **Rafael** sê: "Van my en my humeur hang niks af nie, maar alleen van die wil van die Meester, want My bestaan is niks anders as die suiwer wil van die Meester nie! Rig jou daarom in jou hart tot die Meester en aan jou wens sal sekerlik gehoor gegee word!"

[11] **Mathael** sê: "Dit sou wel so wees as die Meester nie sou geslaap het nie, maar Hy slaap nou en dit sou tog wel baie onvanpas wees om Hom daarvoor te wek!"

[12] **Rafael** sê: "Jy moet ook nog ietwat leer! Sy liggaam slaap nou wel, maar Sy siel en Sy ewige, heilige Gees slaap nooit of te nimmer nie! Hoe sou dit met die hele skepping daar uitsien wanneer die Meester haar ook maar één oomblik sou vergeet?! Op dieselfde oomblik sou dit heeltemal met haar gedaan wees, geen son, geen maan, geen ster in die hele oneindigheid en geen aarde wat jou nou dra, sou nog bestaan het nie, ook geen engel en geen mens sou hom ook maar enigsins self in stand kon hou nie!

**[13] Alles wat bestaan word voortdurend deur die almagtige, ewige dieselfde en onveranderlike wil van die Meester in stand gehou; sonder die wil is geen bestaan denkbaar nie.**

[14] As dit nou so is en onmoontlik nie anders nie, hoe kan jy dan daarby kom om te dink dat Hy ooit sou slaap en so tydens die slaap nie sou besef wat die oneindige skepping elke oomblik van haar bestaan nodig het nie.

[15] Die Meester weet presies wat jy nou dink en wil, want omdat ek dit weet, moes die Meester dit al baie vroeër geweet het, omdat ek dit anders onmoontlik sou kon weet! Want alles wat ons engele weet en ken, weet en ken ons maar slegs deur die Meester. Ek weet nou byvoorbeeld alles oor jou beproewinge en hoe hard jy op die proef gestel was. Wie anders as die Meester sou my dit ingegee het? Nie jy nie en ook nie die mond of die gedagte van `n ander gees nie, omdat ek dit sonder die bedoeling en die wil van die Meester nie sou kon verneem het nie!

[16] Soos ek egter slegs deur die Meester alles onmiddellik verstaan, herken en weet, so kan jy dit ook - maar natuurlik altyd slegs in soverre jy daarvoor in jou hart geskik is!

[17] Vra die Meester dus in jou hart, dan sal ons sien of jy in jou hart `n antwoord gaan kry!"

### *Die oorsaak van die lyding van Mathael*

**237** Toe vra **Mathael** dit vir My in sy hart en ek gee hom dadelik baie duidelik die volgende antwoord in sy hart, wat hy dadelik hardop vir die drie voordra: "Die Meester het die Samaritane beskerm, omdat hulle hulleself afgewend het van die bedorwe leer van Jerusalem en teruggekeer het na die suiwer leer van Moses en Aäron. - Jy, Mathael, was `n ervare, gedugte spreker en jy sou nie afwyk van dit wat jy jou voorgeneem het nie. Die Meester het dit geweet en sien dat jy Hom by die suiwer, gelowige Samaritane groot skade sou berokken as hulle met jou onderwysing in aanraking sou kom. Daarom laat die Meester jou met jou metgeselle tereg by die berugste straatrowers uitkom, omdat Hy goed geweet het dat jy nie vroeër van hulle sou wegkom voordat jou onbuigsame wil heeltemal week en meegewend sou wees nie. Solank jy in die besit van jou volle bewussyn was, sélf `n rower onder die rowers was, laat jou wil hom sekerlik nie buig nie. Inteendeel, jy het `n baie sluwwe plan bedink en al vyftig rowers met hulle vroue en kinders so ver gekry dat hulle die totaal verkeerde leer van Jerusalem baie gunstig gesind word, omdat hulle daarin selfs sekerheid en `n veilige toevlugsoord vir hulle rowershandewerk gevind het.

[2] Toe jy dit so ver gebring het om reeds die volgende dag met jouself as aanvoerder van nou in totaal vyf-en-vyftig voorvegters van die belange van Jerusalem en dat julle besluit het om Samaria binne te val en daar met onverbiddelike hardheid die leer van Jerusalem in te voer en elke teenstander oor die skerpte van jou swaard te jaag, laat die Meester dit toe dat jy deur die ou gees van Abraham gewaarsku word.

[3] Maar omdat ook hierdie verskyning jou nie van gedagte kon laat verander nie, laat die Meester eers toe dat jou siel haar in haar liggaam verberg omdat jou liggaam deur baie duiwels in besit geneem was. Vanaf daardie tyd het jy, tesame met jou geselle, `n skrik vir die omgewing geword!

[4] Selfs jou vyftig roofapostels ontvlug die streek en word fatsoenlike mense en omdat hulle duidelik ingesien het watter verskriklike lot jou en jou vier metgeselle getref het - vanweë die voorgenome bose plan om die Samaritane te bekeer – betaal dit hulle daarom nie meer om die Samaritane vir Jerusalem te bekeer nie.

[5] En so trek die Meester `n baie doeltreffende en heilsame streep deur jou onbehoorlike rekening en laat jou so lank in die oordeel van die hel vasgeketting bly totdat jou siel `n meer geskikte mentaliteit ontwikkel het.

[6] Die Meester het natuurlik geweet waar jou siel vandaan kom en hoe en waarom sy so onbuigsaam was en laat daarom ook toe dat die allerbitterste oor haar kom, omdat sy haar op geen ander manier ooit as te nimmer sou verbeter het nie.

[7] Baie ver weg bevind `n aarde haarself, ook behorende tot die planete wat om hierdie son sirkel, wat tot op hede feilik geen sterrekundige nog ontdek het nie. Op hierdie aarde (Uranus) lewe baie styfhoofdige mense, wat nie vroeër van `n eenmaal voorgenome plan en voornemens af te bring is nie, en dit dan ook uitvoer. Ook vanaf dié wêreld word siele, wat daar rypgemaak is, vir die verkryging van die kindskap van Elohim op hierdie aarde geïnkarneer, waarby hulle nog baie van hulle styfhoofdigheid behou.

[8] In `n sekere sin is ook jy so `n vreemdeling op hierdie aarde. Jy stam wat jou siel aanbetref van daardie wêreld af en daarom was jou voorneme so styfhoofdig en onbuigsaam in jou.

[9] Om jou siel buigsaam te maak en die van die ander wêreld afkomstige natuur van jou siel so te omvorm dat sy ontvanklik sou word vir die egte en vrye waarheid uit Elohim, ten einde binne te kan gaan in die goddelike liefde en daardeur in die volmaakte kindskap van Elohim, was hierdie weg die enigste ware en effektiefste.

[10] In die hel van die geeste en siele van hierdie aarde moes jy, net soos die siele van die kinders van hierdie wêreld, `n sekere ryping deurmaak. Sodoende moes jy deur die nouste deurgang gaan om as `n veredelde lewensap na die hoër gebiede van die lewe te kan opstyg. As sodanig staan jy daarom nou reeds voor Elohim, die Meester van al die lewe."